# Die WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

INVIIC

Deel VII. | 29 AUGUSTUS 1952. | No. 8.


# UITSLAG VAN HOOFITEM ONSEKER

**„Die Tukkies sal fyn moet trap teen die vyftiental van die Pukke, maar wie die oorwinning gaan behaal sal die spel moet toon", het Prof. Goosens vandag aan ons verteenwoordiger verklaar.**

**TUKS.**

Die Tukkies se slaankrag sit ongetwyfeld in hulle agterlyn: Swart en du Toit vorm 'n skitterende senterpaar terwyl Louw en Rossouw twee flinke vleuels is wat gevaarlik kan nael. Tukkies se voorspelers is beslis nie buite rekening te laat nie. Hulle besit seker een van die beste hakers in Transvaal, nl. Heyneke, terwyl Swiegers op die vlank-posisie en Gioia as agsteman ook vir hulle naam gemaak het in die rugbykringe.

**THEOS.**

**Theos het verlede Saterdag toe hy sy weg na die Neserbeker gebaan het, getoon dat die Pretorianers in hulle spore sal moet trap as hulle nie wil verloor nie. Hoewel drie Theosspelers ontbeer moes word terwille van Wes-Transvaal, is die sterkste span in die liga nl. Western Reefs, oortuigend geklop met 8—0.**

Met Styger, Claassen en Prinsloo terug onder die voorspelers sal Tukkies hulle moet ken in die lynstane en skrums. As ons opponente se agterlyn gevaarlik wil word, sal hulle nie sommer lig-lig deur die verdediging van manne soos Velleman en Lombard kan breek nie.

**MOOI SPEL.**

Aangesien beide spanne vanjaar getoon het dat hulle ligvoets oor 'n veld kan beweeg, word algemeen verwag dat ons môre aanskoulike voetbal sal sien.

## WELKOM TUKKIES.

Die sportseisoen is baie naby aan sy einde. Nogtans is die entoesiasme op die sportvelde nog baie hoog. Die rede is omdat die Intervarsity teen die Tukkies nog voorlê.

Met 'n vaste handdruk wil ons die Tukkies baie hartlik verwelkom. Ons wil die hoop uitspreek dat die intervarsity vir ons almal baie aangenaam sal wees.

Almal se oë is natuurlik gerig op die hoofitem van die dag. Daarvoor is die Tukkies lankal gereed. Mag nie net daardie wedstryd, maar ook al die ander wedstryde in 'n baie aangename gees afgespeel word.

Tukkies, wen of verloor, ons sien uit na julle koms. Pukkies, handhaaf die gees van die verlede en speel soos nog nooit tevore.

J. LIGTHELM
(Voors. S.R.)

PRETORIA—(Dinsdag). Drie Pukke, Kiewiet Vermeulen, Jan van der Walt en Botha Olivier, is vanmôre vaal en verwese hier weg nadat hulle onder die Tukkies deurgeloop het. Hulle is hartlik ontvang en goedgunstiglik 'n bad aangebied na 'n vermoeiende reis. Die Tukkies was so diensvaardig om self die baddery waar te neem. Terselfdertyd het hulle asemhalingsorgane vir 'n paar oomblikke rus gekry.

Die Pukke wil dan ook langs hierdie weg hulle waardering uitspreek vir die liefderyke en tedere ontvangs (V.O.B.)

# Intervarsity-Program word Bespreek




Foto: G. Swanepoel.

**V.l.n.r.: Mej. T. Struwig (Korfbalkapteine), Mnre. P. J. de Wet (Hokkiekaptein), en I. J. Styger (Voetbalkaptein) in 'n gesellige luim betrap deur ons fotograaf terwyl hulle die intervarsity-program onder bespreking gehad het, net na 'n S.S.B.-vergadering.**

# B.A.'S BUIT VAN ROOY TROFEE

WOENSDAG 20 Augustus het die B.A.-fakulteit vir die vierde agtereenvolgende keer die Van Rooy-trofee tydens 'n inter-fakulteits - skaakkompetisie verower.

Daar het alles tesaam agt-en-twintig spelers deelgeneem waarvan tien dames was. Die finale puntestand tussen B.A. en B.Sc. was 32—24 in die guns van eersgenoemde.

**HOOFBOTSING.**

Die botsing tussen **Jakkals du Plessis** en **Van der Vinne** kan beskou word as die hoofbotsing van die kompetisie. Hierdie twee spelers het heelwat belangstelling uitgelok en het gelykop geëindig nadat elk 'n spel gewonne gegee het.

**DAMES.**

Die B.A.-span het grootliks hulle oorwinning te danke aan die vyf knap dames wat hulle verteenwoordig het. Met die uitsondering van een het elke dame van die B.A.'s albei haar spelle gewen.

**INTERVARSITY.**

Môre sal die skaak een van sy laaste botsings van hierdie jaar belewe teen die span van Universiteit Pretoria. Ons spannetjie van 15 (12 mans en 3 dames) staan in 'n redelike goeie kans om die louere weg te dra. Gedurende die jaar is daar baie gedoen vir die bevordering van die spel. Proff. Schulze en Kroeze het belangstellend die klub met raad en daad bygestaan terwyl die Studiekomitee onder voorsitterskap van Tjaart van der Walt gereeld gesorg het vir wetenskaplike lesings om die spelers tegnies te ontwikkel. Die staatmakers vir hierdie botsing sal hul waarskynlik **Jakkals, Van der Vinne, Nico de Klerk** en **Mej. H. Rautenbach** wees. Die optimisme vir ons span is veral gegrond op hulle skitterende onlangse oorwinning oor 'n sterk span soos Dorp.

(Vervolg vorige kolom.)

# Eerste Stap na Regsfakulteit

**MET DIE ONLANGSE aanstelling van Meester C. M. Wimmers (Nederland) in die plek van Dr. Willie Joubert wat 'n professoraat in U.O.V.S. aanvaar het, het die Senaat getoon dat hulle vasberade is om nie die ideaal van 'n Christelike regsfakulteit prys te gee nie.**

Mnr. Wimmers is 'n oud-alumnus van die Vrye Universiteit Amsterdam waar hy sy doktorandus in die regte behaal het. Tans praktiseer hy as advokaat in Nederland.

Nadat Dr. Joubert die aanstelling te U.O.V.S. aanvaar het, het die moontlikheid om 'n regsfakulteit hier op te bou in die weegskaal gelê—gevolglik het menige regsstudent sy bondeltjie opgepak en na ander Universiteite vertrek. Tans word daar egter 'n geweldige veldtog op tou gesit om fondse in te samel vir die opbou van genoemde fakulteit. Die onkoste daaraan verbond, word verneem, sal tussen £5,000 en £10,000 bedra. Sodra bewys gelewer kan word dat die ondersteuners die stigting van hierdie fakulteit begeer; sal dit die regering nog gunstiger stem om dit te erken.

Op die jongsgehoue S.R.-vergadering is aan die S.S.B. opgedra om ondersoek in te stel na die moontlikheid om vaste intervarsitydatums met U.O.V.S. en U.P. te kry.

* * *

Die Nuwe Manskoshuis wat op die oomblik in aanbou is agter Cachet-stasie, sal na beweer word volgende jaar in gebruik geneem word. Die gebou sal luuks ingerig wees en sal voorsiening maak vir 75 studente. Dit sal 'n eetsaal vir 150 persone bevat.

# 15,000 DOLLAR AAN P.U. GESKENK

**Tydens die offisiële ingebruikneme van die Ferdinand Postma Biblioteek op 29 November, sal die Amerikaanse ambassadeur die eerste 5,000 dollar uit 'n geskenk van 15,000 dollar van Carnegie Korporasie van New York aan ons universiteitsbiblioteek oorhandig.**

Die Carnegie-skenkings aan biblioteke binne die Britse Statebond het as voorwaarde dat die bibliotekaris van die betrokke biblioteek na Amerika moet gaan om 'n studie van biblioteekwese te maak.

Enkele jare gelede het mnr. H. C. van Rooy, ons huidige bibliotekaris, die nodige kursus in Amerika gaan volg en die voltooiing van sy studie is die direkte gevolg van die eerste skenking uit die fonds.

**By hierdie geleentheid wat 'n oggendfunksie sal wees, sal mev. Postma die Postmabeeld onthul en Dr. Jan Steyn die plaaslike L.V. is uitgenooi om die besoekers toe te spreek.**

## GHOLFSEISOEN OPEN

**Die amptelike opening van die gholfseisoen het op Saterdag 23 Augustus op die vleuel-gholfterrein plaasgevind.**

Die kranige gholfspelers mnre. Danie van der Spuy, Cronje, Venter en Marais het reeds van die staanspoor af die baansyfer van twee-en-twintig vir vyf putjies geëwenaar.

**VORDERING.**

By hierdie geleentheid is daar vir die eerste keer 'n nuwe ontwerp van gholfstok in gebruik geneem wat baie doeltreffender diens lewer as die ou gebruik van hokkiestokke.

Die spelers het ook gesorg vir 'n groot voorraad ou tennisballe.

# JAN SE BOODSKAP

*Boodskap van Sy Edele Sir Long John Fisher, in liefde opgedra aan elke regskape P.U.-student, „he, she or it":*

*Oor die horison van die tyd sien ons die dag van groot dinge naderkom, en namate ons dit sien naderkom, word ons met groot blydskap vervul, want in die washuis-annale staan ons oorwinning vir ons opgeteken.*

*Maar laat ons intussen die snymes elkeen op homself toepas, om elke stukkie kanker van slapte, wortel en tak uit ons binneste te verwyder.*

*Ons sal egter nie net aan onsself dink nie, maar met liefde en weemoed sal ons dink aan daardie kreature, synde die Tukkies, wat sidderend, met harte vol vrees, die dag sien naderkom waarop hul vonnis voltrek sal word. Laat ons hulle in hul groot nood en benoudheid nie vergeet nie, want hul smarte is legio. Ons sal hulle die broederlike handdruk gee, en ons orale uitinge sal net wees: „Wee, wee!"*



**Mnr. Jan Visser**
(P.U. Dirigent).
Foto: J. L. Potgieter.

KLERASIE

vir die huisgesin

Alles wat u nodig het teen die Laagste Pryse.

GROOT WAARDE!

KLEIN PRYSE!

Spesiale Behandeling vir Skoliere en Studente.

BLACK EN KIE, BPK.

AFRIKAANSE PERS-BOEKHANDEL

Kerkstraat, Potchefstroom

vir

STUDIEBOEKE EN SKRYFBENODIGDHEDE

Direkte verbinding met Oorsese Uitgewers.

"Steeds tot U Diens."

Foon 363. Bus 149.

INGRAM SE BOTTELSTOOR

INGEVOERDE

en

KOLONIALE WYNSOORTE

en

SPIRITUALIEË

Drink en Geniet

S & S

Super Dilla

en

Super Orange

Sherr & Shakinovsky

AUTO LAAN

Foon 16

W. J. SPAVINS EN SEUN

VIR ALLE

Elektriese Benodigdhede Draadlose, Koelkaste.

Kerkstraat 65, POTCHEFSTROOM.

Gedruk deur Die Westelike Stem, Posbus 15, Potchefstroom.

# Oordenking.

**KLAAGLIEDERE 3: 56.**

U hoor my stem, verberg U oor nie vir my ontboeseming, vir my hulpgeroep nie.

Die verwoesting van Jerusalem was die grootste nasionale ramp wat Juda getref het. Die koning is verblind, die adel van die volk op gruwelike wyse vermoor en die volk is in kettings weggevoer as bannelinge. Die tempel, die huis van God is met vuur verbrand en gelyk gemaak met die grond. Weggevoer is die eer uit Israel.

Maar temidde van al hierdie onbeskryflike ellende bid die profeet Jeremia nog. Hy vloek of wanhoop nie. Op die swartgerookte ruïnes van die Dawidsad hef die profeet sy klaagsange aan. Aangegryp deur hierdie onuitspreeklike ellende is hy nie stom nie en sy smart oorweldig hom nie. Wel 'n gebed skeur uit sy siel. Vreesliker nog, dit lyk asof God hom nie hoor nie.

Waarom hou hy nie op nie? Waarom wanhoop hy nie? Waarom is daar selfs deur sy klaagliedere 'n fyn goue draad van hoop geweef.

Omdat—omdat hierdie man van smarte van die Ou Testament weet wie sy God is, omdat hy sy God ken.

Ken ons nog ons God? Adem ons persoonlike verhouding tot tot ons God nie ook al iets van hierdie eeu met sy wanverhouding nie? Is ons diene van God, die daaglikse afsterwing van die ou mens; die toeneme in godvrugtigheid, die kern van ons lewe?

Het ons dit nie omgeruil nie, nl. eers die wêreldse en dan die godsdiens nie, eersgenoemde 'n voorwaarde vir laasgenoemde gemaak nie?

As ons Hom nie gesoek en gevind het toe dit goed met ons gegaan het, hoe dan as die ellende aanbreek?

So maklik raak ons gekwes, verwond in ons verhouding tot die algemene dinge. Daar is ons so oneindig swak.

Na wie sal ons ons toevlug neem as die wêreldse ons bedroef het—as dit voorop staan want die troos by goed moet dan nog kom. Waarheen dan?

Jeremia het geleer om eers sy God te ken; daarom wanhoop hy nie. In sy ellende kan hy nog vasgryp aan die goedertierenheid van die Here, aan sy barmhartigheid wat geen einde het nie. barmhartigheid wat geen einde het nie. Die profeet kan bid om Godsgeregtigheid, om die genade van God. In God was hy sterk en versterk.

Die volk is gestraf, omdat hulle aan die wet van God wederstrewig was het hierdie onheil oor hulle gekom. Vir ons is die wet in Christus, die Messias vervul. Ons bid tot God in die Naam van Christus Jesus onse Here. Vir die profeet was die Messias 'n belofte, vir ons 'n werklikheid. Nogtans het hy gebid omdat hy sy God geken het, omdat hy geweet het sy Verlosser lewe.

N. J. GROBLER.

# *KORRESPONDENSIE*

## WORD ONS RUGBY DOODGEBREI?

Geagte Redakteur,

'n Mens voel magteloos en bekommerd as jy die gebrek aan geesdrif en die kwynende bestaansgeworstel van ons rugbyspanne aanskou. Dit skyn asof slegs die Theos en die IIIA spanne van die Universiteit is, ook net sover as die sestien „uitverkorenes" betref. Want oefen of nie-oefen, posisie of nie-posisie, sommige manne se plekke skyn geboek te wees. Die res van die studente het ook eintlik vrede met dié spanne—hulle wedstryde is hul eie en af en toe dié van hulle en hulle breiers!

**Die ander stommerikke wat ook miskien vroeër die stewels gedra het en 'n bietjie rugby op skool geleer het—maar nie genoeg om te kwalifiseer vir een van die twee breier-spanne nie—die word skynbaar as oefensakke gebruik.**

Gaandeweg verleer hulle dan die bietjie rugby wat hulle geleer het, hulle entoesiasme raak by gebrek aan **belangstelling, aandag** en **aanmoediging** morsdood, en die een na die ander oefensak verdwyn—omdat hy sy eiewaarde-gevoel en selfrespek miskien beter in 'n „fliek" kan opbou . . . . en hy tog nooit, vanweë sy gesig of iets, sal kan kwalifiseer tot 'n „uitverkorene" nie!

As 'n mens 'n span afrig—moet daar nie bykans al die aandag aan die **jonger** en **swakker** spanne bestee word nie? Is die enigste oplossing vir die kwynende belangstelling en prestasie in rugby nie dié om die swakker materiaal af te rig en op te **werk**—deur **harde werk,** (en nie van langs die kantlyn af, of van 'n onpersoonlike wit papiertjie wat by voorbaat opgestel is!)—tot belowende en vertroubare materiaal van more nie?!!

By ons skyn dit andersom te wees—'n mens moet eers kwalifiseer tot een van die 32 „uitverkorenes"—voordat jy sal kan aanspraak maak op 'n bietjie **aandag, aanmoediging, inspirasie** en **afrigting!**

Gee ons jonger spanne breiers—breiers wat nie in ons **hulle** spanne en hulself sien nie—maar manne wat in **ons** en ons inrigting se rugby belangstel, en wat dit ken, wat ander **kan leer** . . . dan sal ons regkom!

Dankend vir plasing,

OEFENSAK.

## MATIES IS VERONREG

ONS HUIS,
19/8/52.

Geagte Redakteur,

**Vergun my 'n enkele opmerking oor die berig op u voorblad van 15 Aug. onder die opskrif: „THALIA STEEK JAN PIEREWIET DIE LOEF AF".**

M.i. is die toon van die berig beledigend vir U.S. en die vergelykingsgronde van Thalia baie **subjektief:** 'n toneelgeselskap teen 'n boere-orkes. Ons weet tog almal dat U.S. 'n onoorwonne rekord op A.S.B.-toneelfeeste handhaaf. Daarom meen ek dat die vergelyking deur die publiek „van die twee universiteite" nie gepas is nie. As dit in 'n blad van U.S. verskyn het, sou dit ons seergemaak het.

Mag hierdie skrywe misverstand tussen die twee inrigtings verhoed.

Met dank vir opname,

B. SPOELSTRA.

[Ons waardeer u skrywe. Indien dit wel so geïnterpreteer kan word, bied dit ons hiermee geleentheid om u mee te deel dat die berig in die allerbeste gesindheid geskryf is.—Red.]

*Die Wapad.*

29 AUGUSTUS 1952.

*Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

REDAKSIE.

**Hoofredakteur:** P. J. W. Louw.

**Tegn. Adviseurs:** J. A. van Rooy, A. J. R. Vermeulen.

**Verslaggewers:** D. F. Erasmus, L. Coetzee (**Kuns**). J. J. Henning (**Alg.**) F. P. R. de Bruyn (Varie), G. Swanepoel (**Fotograaf**).

**Administrasie:** J. J. Bekker (voors.). P. du Plessis, J. Schutte, P. Buys, D. Strydom.

# GEBREK AAN CHRISTELIKE MAATSKAPPY

Die onderskeie Calvinistiese ondernemings wat reeds bestaan en weer pas 'n begin aan gemaak is, soos ons Universiteit se regsfakulteit, die Pro Rege Pers en selfs die Korps se poging om te publiseer laat 'n mens altyd die vraag afvra: waar is Suid-Afrika se aktiewe Christelike Maatskappy wat die voedeingsbodem van hierdie ondernemings moet wees? Hang hierdie ondernemings in die lug of rus hulle op die skouers van 'n breë laag van ons volk? 'n Mens kry die indruk (wat nie ver van verkeerd is nie) dat 'n baie klein groepie van ons volk hulle oorlaai om die Calvinisme te bevorder en dat die res net tyd het vir eie belange en vooruitgang.

Waarom ontbreek dit ons dan aan 'n Christelike Maatskappy? Doen die predikante nie hulle plig nie? versaak die ouers hulle doopbelofte om die kinders in die vrese van die Here op te voed? Hulle kry gewoonlik die skuld, maar ons kan maar laat staan om die predikante en ouers te probeer hervorm—begin by die kind—begin met C.N.O. Daar het menige groot staatsman die begin gemaak om ideologieë te laat posvat en nie een het die bedroeë daarvan afgekom nie.

As baie opgeoffer is terwille van valse ideologië, dan rus die verantwoordelikheid tweemaal so swaar op ons as Calviniste, om op te offer terwille van die enige Waarheid. Deur sterk positiewe Christelik-Nasionale Onderwys-inrigtings daar te stel, is die enige weg om 'n kragtige Calvinistiese gemeenskap op te bou waarop ons ondernemings kan groei en bloei. Dit is geensins idealisties of onprakties om sulke ideale in verband met C.N.O. of 'n Christelike Maatskappy te koester nie. In ander lande soos Amerika en Nederland is dit lankal werklikheid. Ons deursnee-Christen staan gans te na aan die Roomse leek en sal nie omgee om daartoe te ontwikkel nie—dit gee hom meer geleentheid om aandag aan sy eie sake te bestee.

Die geslag voor ons, het klaarblyklik al geswig voor al die probleme van C.N.O. maar dit meen nie dat die opkomende geslag die tou gaan opgooi voordat eers begin is nie. Waarskynlik belewe ons intussen 'n krisis—wat baie goeie medisyne is om 'n Afrikaner tot aksie te prikkel.

She: I can't stand being kissed.

He: Okay, let's get a chair.

## Van S.R.-WEË.

**Dit was met leedwese dat ons verneem het van die afsterwe van mnr. Combrinck, in lewe verbonde aan die plaaslike Onderwyserskollege. Namens ons studentegemeenskap wil ons dan ook ons innigste simpatie uitspreek teenoor mev. Combrinck en gesin, asook met die plaaslike Onderwyserskollege.**

VERKIESINGS.

Die Studenteraad het besluit om vanjaar die verkiesings 'n bietjie te verkort. Die verkiesings sal vanjaar op Maandag, 8 September begin. Die algemene studentevergadering, waar administratiewe poste op die Studenteraad gevul word, vind op Vrydag, 12 September plaas. Ek wil 'n beroep doen op alle penningmeesters om toe te sien dat hulle boeke op die vasgestelde tyd afgesluit en ingehandig word. Alle voorsitters moet toesien dat hulle jaarverslae op die vasgestelde tyd by die betrokke instansies ingehandig moet word.

J. LIGTHELM

(Voors.)

## TOETSE WORTEL VAN KWAAD

Vanaf die begin van die jaar het meer as een student gevoel dat daar 'n slapte ingetree het in die studentelewe oor die algemeen. Ons stem tenvolle saam met die opinies van die persone in bogenoemde artikel, maar voel net dat daar 'n dieperliggende oorsaak is vir die sg. gebrek aan inisiatief.

**Toetse, toetse en nogmaals toetse!!! Dit is die oorsaak vir die sg. slapte. Nog nooit was daar 'n gebrek aan inisiatief nie, maar wie kan inisiatief aan die dag lê as daar altyd net tyd ge-**

(Vervolg op bladsy 3, kol 4).




## Kuns en Konserwatisme

'n Mens wonder soms of geselskappe en organisasies wat toneelwerk onderneem, bewus is daarvan dat hulle self dikwels die oorsaak is van hulle mislukkings. Met ondernemings van hierdie aard moet 'n mens bepaald baie versigtig wees, omdat ons te doen het met 'n publiek wat nog baie „ortodoks” (in die goeie sin van die woord) is, en daarby tree die neiging om die nasionale en eg Afrikaanse suiwer te bewaar in alles wat Afrikaans wil wees, daagliks meer pertinent op die voorgrond.

### *Salome Dans.*

Hierdie drama van Gerhard Beukes is onlangs in Pretoria op die planke gebring. Hierdie opvoering het plaasgevind onder bekwame regie en die spelers was bepaald van 'n gehalte bo die gemiddelde amateur. Maar heelaas; wat was die reaksie van die publiek? Oral het stemme opgegaan wat hierdie opvoering baie sterk afgekeur het.

Voor in die boek is die volgende spreek opgeneem: „Maar omdat ons harte verdeel is tussen liefde tot God en liefde vir wêreld en vlees, is ons ellendig in lewe en dood”. Die doel van die skrywer was bepaald om aan te toon dat die mens wat sondig deur sy gebondenheid aan die „wêreld en vlees”, noodwendig getref word deur die vergelding van God. Herodes word op 'n listige wyse deur Salome oorreed om Johannes die Doper te laat onthoof. Ongelukkig leen hierdie stuk hom daar toe om, sonder opset, die klem te laat val op die oorwinning van die sonde oor die regverdige en heilige. Dit is presies wat in Pretoria gebeur het en die hele doe van die drama is gemis. Die uiters klein hoeveelheid klere wat „Salome” gedra het in die opvoering was die laaste strooi op die kameel se rug.

### *„Altyd in My Drome”.*

Hier kom ons voor dieselfde vraag te staan. Ons is egter terdeë bewus van die probleme waarmee die ondernemers te kampe het. Op die gebied van die toneelkuns en rolprent in Afrikaans, beleef ons nog slegs die begin van die beginstadium, en dis juis daarom dat ons so versigtig moet wees.

„Altyd in my Drome” is beslis 'n groot verbetering op die vorige Afrikaanse rolprente van sy soort. Die vordering wat daar op hierdie gebied gemaak is, is allerweë prysenswaardig. Die fotografie van hierdie prent is besonder goed en die stof spreek van oorspronklikheid en smaak. Op die klank kan nog verbeter word, maar ons weet Rome is nie in een dag gebou nie.

Ongelukkig was die één vlieg weer in die apteker se salf. Die insluiting van „Mammie” soos gesing deur Al Debbo, het gewis die publiek met weersin vervul. Die meeste mense weet dat dit een van Al Jolson se liedere is en boonop is dit 'n na-apery uit „Jolson sings Again”, wat die grimering van die sanger betref.

In die uitgawe van 15 Augustus is 'n brief van Min. Cachet gepubliseer wat ook handel oor die toneel en die godsdiens. 'n Mens voel daarom dat jy baie versigtig moet wees by die keuse van 'n stuk om op te voer, asook by die interpretasie daarvan. Die groep van Pretoria sou waarskynlik met 'n ander drama baie beter gevaar het en sonder „Mammie” sou „Altyd in my Drome” 'n baie gunstiger indruk maak.

Die Afrikaner-publiek sal sy Rolprentmaatskappye en dramatiese verenigings met graagte ondersteun en die vordering met belangstelling waarneem, maar sy Christelik Nasionale beginsel moet nie aangetas word nie.

### *Laurens Bogtman.*

Verlede Vrydagaand het die bariton uit die Nederlande, Laurens Bogtman, 'n karige Potchefstroomse gehoor vergas op 'n program van Duitse en Franse kunsliedere.

**Dit verbaas 'n mens dat in 'n kultuursentrum soos Potchefstroom so weinig mense die geleentheid te baat neem om na 'n sanger wat hom werklik onderskei as van wêreldklas, te gaan luister.**

Wat miskien die hoogtepunt van die aand was, was die aan-

(Vervolg volgende kolom.)

(Vervolg van vorige kolom).

grypende en individuele vertolking van Schubert se „Erlkönig”. 'n' Mens moés tydens die lied met elke spier gespanne sit, en koue rillings van genot het langs jou rug afgekruip.

Maar ook die ander ballades wat op die program van die aand was, was n genot om aan te hoor. Daar was geen laagtepunte nie. Wat wel nie so goed as die res waardeer is nie, was die lang en ietwat getemperde vertolking van Beethoven se „Aan die verre Geliefde”, wat nie aan die sanger se stem voldoende reg laat geskied het nie, veral omdat hy die volume moes demp. Met die groep Schubert-liedere wat gevolg het, kon 'n mens darem sien waartoe Bogtman werklik in staat was.

Dit was opvallend om te sien hoe hy sy stem by elke lied kon aanpas—nou lig en byna dartelend, dan weer dramaties soos by die „Erlkönig”, en selfs sagliries soos by die ou Franse gewyde volkslied.

Sy lae register is goed, maar by die hoë register is die stemkwaliteit buitengewoon.

Die begeleier, José R. Lopez, het hom goed van sy taak gekwyt en dit blykbaar intens geniet.

DAMES, BESOEK

LE CHARME

DIE MODERNE DAMES MODESAAK.

NYLON-KOUSE EN FYN EN BRUIKSAME ONDERKLERE

'n besondere aantreklikheid. Ons rokke is „duur,” maar laag van prys. Vertoon u registrasiebewys en verkry

10% korting op alle inkope.

# BROSJURE-UITSLAE

Die volgende eerstejaars het in die brosjure-hereksamen geslaag:

Bekker, A. S. (mej.)
Bester, G. B. C.
Bezuidenhout, A. C. (mej.)
Buys, P. C.
Coetzee, J. H.
Conradie, P.
de Beer, G. J. (mej.)
de Klerk, J. J.
du Plessis, J. B.
du Toit, J. (mej.)
Duvenhage, W. I.
Fourie, H. C.
Fourie, J. M. P. (mej.)
Fourie, L. L. (mej.)
Grobler, G. S. F. W. (mej.)
Hugo, J. H.
Kotze, J. A.
Krüger, A. D. (mej.)
Kruger, G. T. (mej.)
Labuschagne, P. W. J.
Mentz, M. M. J. (mej.)
Mitchell, J. F.
Nel, R.
Potgieter, M. J.
Pretorius, J. L. L.
Schoeman, S. W.
Snyman, E. A.
Steenkamp, J. J. A.
Steyn, S. (mej.)
Steyn, W. J.
V.d. Ahee, Willem.
V.d. Merwe, I. J.
V.d. Merwe, R. A. T.
V.d. Walt, A. M. (mej.)
V.d. Walt, F. S.
V.d. Walt, P. G. L.
V. Schalkwyk, K. A. (mej.)
V. Niekerk, P. M.
V. Wyk, D. A.
Venter, J. D. (mej.)
Viviers, A. C. W. (mej.)

**Dr. B. van Deventer** is as professor in die plek van wyle prof. J. P. van der Merwe benoem en sal sy professoraat vanaf 1 Januarie 1953 aanvaar.

* * *

November sal die eerste pikslae val vir die fondamente van die nuwe fisikalabaratorium wat nagenoeg £60,000 sal kos.

* * *

Hoeveel van ons sou stom wees as dit verbode was om goed van ons self en kwaad van andere te praat?

(Vervolg van bladsy 2, kol. 4).

**reserveer moet word om vir toetse te leer en om reekse van referate uit te werk. Geeneen gun homself meer die tyd om saans 'n bietjie op die balkon te staan en gesels gedurende teetyd nie, want daar lê altyd 'n toets voor.**

Waar is die geselllighede wat altyd gehou is op die grasperke? Geen een van hulle word meer gehou nie. Dit is nie a.g.v. lakheid van die kant van die persone wat dit moet organiseer nie, maar wel om die feit dat hulle nie tyd daarvoor kan vind nie a.g.v. die baie werk. Dit is by die geleenthede waar die universiteitsgees aangewakker is. Nou is daar nie meer sulke byeenkomste wat 'n noue band kan skep tussen die studente nie en gevolklik verdwyn die geesdrif by hulle.

As die werk en toetse dus verminder word soos wat dit in die verlede was, sal die byeenkomste weer plaasvind, die studentegees sal weer net so lewendig word en ons sal weer die Puk van ouds hê.

Ons dank u vir plasing.

GEESDRIFTIGES.

W. J. GROBBELAAR,

Mans- en Dames-
Haarkapper

Kerkstraat 97. Foon 330.

Probeer ons beroemde
JAMAL MASJIENLOOS PERM

Bekwame Mans-afdeling.
Sigarette en Fantasie Goedere.

J. TOD SUTTIE

KOMPLETE

Mans-uitrusters

vir al u

KLERASIE EN ANDER BENODIGDHEDE.

127 Kerkstraat,
Posbus 219 Foon 1
POTCHEFSTROOM

ED. L. OOMS,
N.S.T.O., N.V.V.O. (Ned.)

OOGKUNDIGE



BRILSPESIALITEIT
OË-TOETS OP WETENSKAPLIKE GRONDSLAG.

KERKSTRAAT 129
(Nasionale Bank-gebou)
Foon 980.

EIE OPTIESE SLYPERY.
Depôt: Carlzeiss-Jena.

P. W. BUYS

U verteenwoordiger van

REMBRANDT.

Kockstraat 28. Telefoon 897,
POTCHEFSTROOM.



# VIND SAMEWERKING MET NATAL

**PIETERMARITZBURG.**

Weereens is getoon dat nouer samewerking op kulturele gebied moontlik is tussen Engelssprekende- en Afrikaanssprekende studente toe 'n geslaagde inter-debat gehou is tussen P.U. en Natal Universiteit op Vrydagaand, 15 Augustus.

Voor 'n waarderende gehoor het ons sprekers daarin geslaag om die louere weg te dra en aan die buitewêreld te toon dat ons oratoriese talent van die boonste rakke is!

Die onderwerp waaroor gedebatteer is, was: **„The concept of white domination in South Africa is dangerous and must be discarded".**

P.U. het hierdie standpunt verdedig, en is verteenwoordig deur Mnre. Jaap Helberg, Frans Cachet en W. J. J. du Plessis.

**NOUER SAMEWERKING.**

„Hierdie uitnodiging van Natal Universiteit is as gevolg van 'n behoefte aan nouer samewerking tussen Afrikaanssprekende- en Engelssprekende studente", aldus mnr. W. J. J. du Plessis, die voorsitter van ons plaaslike debatsvereniging.

Die skitterende ontvangs wat ons sprekers daar geniet het, toon dat hierdie saak vir die Natallers ernstig is, en dat dit daar ook nie aan hartlikheid ontbreek nie.

## Persoonlik.

**Tony Lombard** het glo besluit om sy studies te laat vaar, aangesien die Le Charme in Parys, Frankryk hom 'n betrekking as mannekyn aangebied het.

* * *

Langs hierdie weg wil ons net mnr. **Donkie Pienaar** baie hartlik gelukwens met die sesde plek wat hy onlangs op die July Handicap behaal het.

* * *

Uit betroubare bron word verneem dat die swaargewig stoeikampioen, **Bokkorini Spoelstrasios** (235 lbs.) of beter bekend as die Griekse Tier, in die toekoms vir liefdadigheid gaan stoei. In stoeikringe word dit algemeen beskou as 'n baie mooi gebaar.

* * *

Daar word verneem dat **Oom Gutter** 'n aanbod gekry het van burgemeesterskap op Tarentaal.

## STYGER:

Ag boys jul sal nooit raai nie,
Maar ek is tog so bly.
Dis iets wat ek gesien het,
By Thabajäh se hek.
'n Meisie met witte hare
Vlak by die straat se kant
Salomietjie so heet sy,
Sy kom waarskynlik van 'n ander land.

## *Die Soeklig val op:*

**Pottie S.R.**
The sleeping beauty. Al die meisies is glo gestoot op hom.

**Kokot:**
Hy loop hom morsdood aan die klas op die Puk.

**Hennie Muller:**
Het jy nie 'n ZIG vir my nie?

**Vleisie Norspa:**
Hy is glo klaar met sy navorsingswerk en wy nou al sy aandag aan voetbal.

**Willem de Klerk:**
Nie meer akademiese en kulturele prestasies nie, maar 'n petrolkonsumerende voertuig is deesdae sy grootste ideaal.

**Koos Bosman:** Hy neem tweedehandse motors in ruil vir koeldrankbottels.

**Willien Nel:** Hy tree op as Koos se agent.

**Donkie Pienaar:** Ruig van haar en lank van oor.

## Skinderstories.

**Die genot van die gehoor by Laurens Bogtman se konsert is verhoog deur twee grappige voorvalletjies wat plaasgevind het:**

Die alombeminde drie D's, **Dottie en Diep Doep**, het ook hulle opwagting daar gemaak, maar, o wee! met die gaan-sit-slag—was daar 'n slag—en 'n kraak! Die stoel het wanhopig die stryd om die bestaan gewonne gegee, met die onvermydelike skielike daling van 'n paar voet by die slagoffer.

* * *

Die oue ouheer **Van Dalsen** en sy dametjie het vol verwagting die saal binnegekom, maar . . . hulle plekke was weerskante van die baie wye paadjie!

## *Nogal 'n Stywe Dop . . . !*



Foto: V. R. Ingram.

**„Ja, ons meng dit self. Op een gelling bessiewyn neem ek een teelepel arseen, en voeg daarby 'n half-teelepel strignien met net so 'n knypie sianied".**

**Die klimakstoneeltjie uit „Gif en Oujongnooiens", waarmee Thalia gedurende die afgelope vakansie 'n baie geslaagde toer onderneem het.**

# Poging Om Beter Verteenwoordiging Misluk

**DIE VERSOEK van die dames om hulle verteenwoordiging op die Studenteraad te verbeter is weereens deur die jongste Studenteraadsvergadering van die hand gewys. Die dames het met 'n positiewe voorstel die Studenteraad genader om die damesverteenwoordiging so te wysig dat die beste dames die geleentheid kry om sitting op die S.R. te verkry.**

Die Studenteraad was die saak goedgesind maar kon die voorstel nie aanvaar nie hoofsaaklik op grond van die feit dat dit 'n onkonstitusionele toestand sou meebring.

**Die rotasieskema wat tans in werking is bevredig beide die dames en die Studenteraad nie, maar was tot op datum die beste oplossing om die dames van minstens twee verteenwoordigers op die Studenteraad te verseker.**

Die besluit van die Studenteraad oor die saak was finaal maar het tog die dames die vryheid gelaat om met 'n oplossing te kom indien hulle in staat is om 'n aanvaarbare stelsel uit te werk.

Moenie ongeduldig word oor die gesprek van 'n dwaas nie: wat hy gee, is die beste wat hy het; daar is nie agterhou by hom nie. —(Langenhoven).

* * *

Moenie jou kordaatstuk herhaal nie. Strakkies wys jy daarmee dat die kol-skoot 'n gelukskoot was.—(Langenhoven).

* * *

Hoe min mense sou teveel drink as die hoofpyn in die prop was, in plaas van in die boom van die bottel.—(Langenhoven).

* * *

De Meester, in zijn Wijsheid, gist.
De Leerling, in zijn Waan, beslist.
—(Staring).

**T. WEVER**
BOEKHANDEL
en
ANTIKWARIAAT
vir al u
Wetenskaplike
Boeke
—:o:—
Volkskasgebou
**Telefoon 1164.**
Kerkstraat 62.

*Beyers Claassen*
MNV. Inst. P. (U.S.A.)
**FOTOGRAAF**
KERKSTRAAT 41, POTCHEFSTROOM.
*„DIENS AAN DIE GOUE WESTE DEUR FOTOGRAFIE".*

BULT FIETS en SKOEN REPARASIEWINKEL
VIR BESTE DIENSTE.
**Von Wiellighstraat 7,**
**POTCHEFSTROOM.**

**EXCELSIOR MEUBELS**
**Kerkstraat 132. Foon 743.**
**POTCHEFSTROOM.**
Met genoeë nooi ons die Studente uit om die enigste moderne
**MEUBELWINKEL IN WES-TRANSVAAL**
te kom besigtig.
Dit sal vir u 'n plesier wees om deur ons vertoonlokaal te wandel.

C. VAN DER MERWE
**Kerkstraat 93,**
**POTCHEFSTROOM.**
Waarom sal jy loop as jy kan ry?
('n Vraag van Frikkie Fietsryer aan Fanie Voetganger).
Bespaar
TYD, KRAGTE EN SKOENE
deur
'n Fiets aan te skaf.

CLASSIQUE MODES
Steeds die
DEFTIGSTE MODESALON
van Potchefstroom.

**ELKE DAG VARS!**
**TURKSTRA SE BAKKERY**
**BROOD en alle KOEKSOORTE**
Raadpleeg ons vir
**BRUIDSKOEKE**

**Studente!!!**
Vir al u
**HANDBOEKE,**
**SKRYFBENODIGDHEDE,**
**LEERTASSE,**
**GESKENKE, ENS.**
besoek ons en wees verseker van goeie diens.
**UNIE-BOEKHANDEL**
**(Edms.) Bpk.**
**KERKSTRAAT 90.**
**Foon 497.**

# IS RYLOOP TE REGVERDIG?

**'n Berig in „Die Transvaler" van Saterdag 23 Augustus waarin rylopery geheel en al afgekeur word onder die opskrif: Almal dink rylopery is nie die regte ding, het 'n vlaag van ontevredenheid in die studente geledere ontketen.**

**Die blad skryf verder: „Rylopery, wat sy ontstaan gedurende die oorlog gehad het, het veral na die oorlog sterk onder studente toegeneem. Briewe aan die pers waarin hierdie verskynsel ten sterkste „afgekeur word, is geen uitsondering nie"**

Ons verteenwoordiger het so'n bietjie onder die studente rondgeloop en toe die volgende kommentare oor hierdie verskynsel verneem.

## Mnr. Ligthelm.

Die Transvaler berig dat Johan Johan met Prof. van Rooy saamgestem het as sou rylopery darem nie die regte ding wees nie. Hy spreek hom as volg uit: „Ryloop was nog nooit 'n euwel nie, en is tot nou nie 'n euwel nie. Solank die studente maar net amateurs bly op hierdie gebied sien ek geen fout daarin nie. Motoriste wat ryloop as lastig beskou laai die student eenvoudig nie op nie. Daar is baie ander wat daarvan hou om studente 'n rit aan te bied, motoriste wat lang afstande alleen aflê en geselskap verwelkom. **Wat ek wel ten sterkste afkeur is ryloop op Sondag, veral wanneer 'n student (hier bedoel ek Pukaners) op Sondag met 'n kleurbaadjie ryloop!"**

## Ek ryloop!

Mnr. Winties van Niekerk, 'n ou veteraan op die gebied van ryloop het hom as volg uitgespreek: „dis die man se eie vrye wil om my op te laai of om my te ignoreer. In Amerika, die land wat algemeen beskou op die voorpunt te wees, ryloop duisende persone van alle beroepe en stande. Waarom mag ek dan nie „hitch-hike" nie? As ek gereeld naweke Parys toe gaan, hoe gaan ek betyds daar en terug wees en nog 'n' dag of twee hê om te kuier. Moet ek die geweldige draai per trein doen? "Not!", ek ryloop!, want etlike alleen-reisende bestuurders het my al oor en oor verseker dat hulle dit besonder geniet om in studente-geselskap te verkeer, veral as hulle self studente was. En baie weet dat ons dit nie altyd kan bekostig nie".

## Hennie Coetzee.

Ons het ook Hennie Coetzee se opinie gevra aangesien hy eintlik as 'n motoris deurgaan. **„Insoverre rylopery 'n' stokperdjie is keer ek dit beslis af. Maar as "n man werklik nie anders kan as om van rylopery gebruik te maak nie is dit 'n heel ander saak.** Veral die toename hierin is betreurenswaardig. Ek laai "n man net op as hy "n bekende kleurbaadjie dra. Tog meen ek dat so-iets nie tuishoort by ons Afrikaners nie".

---

'n Dogtertjie wat vir die eerste keer in 'n dieretuin kom, vra aan haar moeder: „En wat is dit hierdie, Mammie"?

**Moeder:** „Dit is Springbokke, my kind".

**Dogtertjie:** „Watter een is Geffin, Mammie"?

---

## SEËL MET „P.U.-WAPEN"

Die staat Israel het onlangs 'n seël uitgegee wat baie op ons Universiteitswapen lyk. Die lugter of menora (sewe kandelare) staan op die voorgrond en is 'n afdruk van die een wat deur Titus uit die tempel van Jerusalem geroof is en na Rome gevoer is. Vandag nog bestaan daar 'n afbeelding van hierdie menora wat in die ereboog te Rome gebou was. Die seël is 'n een (Israelitiese) pond-seël en tans die duurste in hulle land.

## *Uitstappie na S.A.U.K.*

Die plaaslike tak van die A.S.B. sluit sy jaar se werksaamhede af deur 'n uitstappie vir die lede na die S.A.U.K. op 6 September te reël.

**REËLINGS.**

„Die reëlings vir die uitstappie is alreeds gedoen en omdat daar binne drie uur nadat die kennisgewing opgeplak was alreeds 50 aansoeke te vul ingekom het, is die inskrywings onmiddelik geslote verklaar" het mnr. Danie Erasmus, die organiseerder, verklaar. Daar is reeds gereël, dat die besoekers deur 'n outoritatiewe persoon by hulle aankoms toegespreek sal word oor die inrigting en werksaamhede van die korporasie. Daarna sal hulle in groepe gedeel word en elke groep sal met begeleide van 'n gids deur die hele inrigting geneem word.

**UITSTAPPIE.**

Net na die besoek aan die S.A.U.K. sal die groep die middagete in die buitelug gaan geniet op Bedford Farm. Hulle meen om weer voor sononder terug te wees.

**LUCILLE** DIE ROK SPESIALIS

Altyd eerste met die Jongste.

Foon 62.

**Kerkstraat 146,**

**POTCHEFSTROOM.**

---

**TOETS JOU OË**

**by**

**M. SINGER**

F.S.M.C., F.B.D.A. (Londen)

**OOGARTS**

**by die**

**MOOIRIVIER APTEEK**

**KERKSTRAAT 155,**

**Foon 380 POTCHEFSTROOM.**

---

**PLAZA**

**TEEKAMER**

**Foon 249 Kerkstraat 105**

**POTCHEFSTROOM.**

**Studente!**

U word beskou as eregaste in die

**• PLAZA •**

en daarom kan u spesiale verlaagde tariewe verwag.

# Potch. Verloor Stoere Veteraan

**Dit is met diepe leedwese dat ons moes verneem van die skielike en onverwagse heengaan van mnr. J. G. L. Combrinck, Donderdagmôre in die ouderdom van 57 jaar—inderdaad 'n Potchefstroomse veteraan.**

Wyle mnr. Combrinck se gesondheid was vir die afgelope paar jaar baie wisselvallig, veral sedert 1949. Tydens sy oorlye was hy onder mediese behandeling in Pretoria en sy onverwagse heengaan het die Potchefstroomse gemeenskap diep getref.

### *Wye Belangstelling.*

Jerimiah G. L. Combrinck is in 1929 aangestel as dosent aan die P.O.K. nadat hy etlike jare onderwys gegee het. Hy was opvoedkundige by uitnemendheid, maar ook 'n man met 'n baie wye belangstelling.

**As voetbal-entoesias getuig die groot rol wat hy gespeel het as jarelange breier en tans president van die inrigting se voetbalklub.**

Mnr. Combrinsk was onder andere offisier in die Radar-battery van die 1ste Observasie Regiment. Hy het ook 'n groot belangstelling getoon in tuinbou en Plantkunde.

In lewe het hy hom geopenbaar as 'n stoere Christen en dit is 'n groot verlies vir sowel die P.O.K. as die hele gemeenskap dat hierdie man daar nie meer is nie.

Geagte Redakteur,

Na aanleiding van die artikel „waar is teesteel, Balkansang en Serenades" in „Die Wapad" van 15 Augustus voel ons om ook ons opinie omtrent die saak te lug.

# EERSTEJAARS RAAK WEER WYSHEDE KWYT

**Die nonsens wat sommige eerstejaars kwytraak in die antwoorde, getuig daarvan dat baie van hulle die brosjure-eksamen nie genoeg ter harte neem nie" het mnr. Malan, die eksamenator vandag verklaar.**

Sommige gee die indruk asof hulle moedswillig uitlatings maak om snaaks te wees. As iemand skrywe dat die volkspelelaer gestig is om die X-klub teë te werk, is hy seker nie ernstig nie.

**DIRIGENT.**

Opvallend is dat daar baie oor die dirigent gespekuleer is. Baie het nie presies geweet wat sy taak is nie. Onder andere het een gemeen dat hy die Alabama se toer moet reël terwyl 'n ander weer gereken het dat die hele vreugdedagorganisasie deur hom gedoen moet word. 'n Derde het die mening uitgespreek dat die studentemassa deur hom **GELY** word. (Arme studente!)

**KONSTITUSIES.**

Die konstitusies is dikwels na eie goeddunke gewysig. So kan slegs die korfbaldames wat op S.S.B. dien, erekleure verower en staan enige Theosspeler wat hom „goed gedra" 'n kans dat dieselfde onderskeiding hom te beurt kan val.

Ten slotte het die Eksaminator tot die ontnugtering gekom dat „Die Wapad", "Pukkie" en „Besembos" asook die Vreugdedaghoofbestuur hulle afgevaardigdes na A.B.K.K. kan stuur.

ONS VERSKAF DIE VOLGENDE P.U.-KLEURE:

- Kleurbaadjies
  - (a) KLAARGEMAAK .... .... £8/5/0
  - (b) SNYERSMAAK .... .... .... £9/7/6
- Voetbaltruie
- Voetbalkouse
- Alle Sportbenodigdhede

U IS ALTYD WELKOM BY ONS.

**UNIE-WINKELS BPK.**

**Foon 22-4746. Kerkstraat 45a,**

**JOHANNESBURG**

---

**CORNER FRUIT STORE**

★

*„JULLE KEN ONS"*

★

---

VIR—

Vis, Ertappels,

Verversings ens.

WELKOM KAFEE

**Von Wiellighstraat 13, POTCHEFSTROOM**

*Dis u kafee, Studente*

---

**Dames en Here!**

**Besoek vir nette behandeling**

**„DIE BULT HAARKAPPERS"**

**Foon 1486.**

**Tomstraat 55 - Potchefstroom**

---

**GILFILLAN EN STROH**

**POTCHEFSTROOM.**

**FIETSE EN FIETSREPARASIES**

# WITSPAN LEWER SONDERLINGE SPEL

PIETGROBBELAARSDAL.

**Saterdagoggend het die opgewondenheid wat die hele opgewondenheid wat die hele week geheers het, ten toppunt gestyg toe die Burgemeester van Thabajäh en sy gade al die duisende besoekers welkom geheet het, by die wedstryd van die jaar. Die burgemeestersvrou het sjarmant daaruit gesien in 'n lieflike rooi kort rokkie en bybehoorsels van ultra-moderne styl.**

**Nuwe mans en vroue modes, asof dit die July Handicap was, was aan die orde van die dag. Verslaggewers van die Tsotsipress wat die blikfakkels verteenwoordig, fotograwe by die dosyne, die omroeper van Thabajäh uitsaaikorporasie, eerstehulpmanne en keurders was almal aanwesig.**

Van die staanspoor af was die witspan hulle opponente ver oor. Alle lof kom die kaptein van die bontspan toe omdat sy alreeds met "n bebloede neus op die veld gegaan het—**Sannie v.d. Schyff** het haar plek volgestaan en die kafferpak van haar span afgekeer.

**Lodewikus Bekker,** die haker van die witspan, het keer op keer die bal aan haar agterlyn besorg en Kierie en die kranige kaptein Rinawelus Loedolg het mooi bewegings van stapel laat loop. "n Doring was die heelagter, Ignatius du Plessis waarby die bontspan maar nie verby kon kom nie. Alhoewel die witspan vir hele 10 minute sonder 'n voorry man Maerjan Visser moes klaarkom, het hulle tog daarin geslaag om die bontspan te hou.

**Die eerste poging om punte aan te teken het van die bontspan se senter Cecil Meyer gekom maar hy het effens skeef gekorrel en het 'n drie by die buitelyn uit gedruk. Die witspan was hierdeur aangevuur en Lodewikus Bekker het toe ook 'n drie aangeteken wat nie deur die skeidsregter Marius v.d. Walt toegeken is nie. Hy was glo onkant. Die puntestand het gelyk geëindig deurdat Frans Lessing vir die witspan 'n 3 gedruk het en Martin Kruger het vir die bontspan 'n skepskop oor die pale gelig.**

Dit was 'n hoogsaanskoulike wedstryd en alhoewel die bontspan hulle aankoms met trompetgeskal aangekondig het, het hulle bedroeë daarvan afgekom omdat hulle nie die witspan, 'n kafferpak, soos hulle gemeen het, kon gee nie.

Die eerstehulpmanne, Teuns de Wet en brigade, het hulle goed van hul taak gekwyt deur gou op die ongelukstoneel te wees en slagoffers deur 'n fleetline kruiwa af te karwei. Die burgemeester en gade, mnr. en mev. Lienza Smit, was baie aangenaam en die spanne het diep onder die indruk van mev. Martha Smit se bekoorlikheid gekom nadat sy aan hulle voorgestel is.

Met 'n tevrede gevoel is die duisende toeskouers weg (sonder om mekaar te vertrap) en hulle het almal die opinie gehuldig dat hulle hulle geld se waarde teruggekry het.

(Eie Berig).

# Daar Trek die Puk se vleuel!




## BENOUDES VERWEK OPSPRAAK.

Toe die Benoudes verlede Saterdag in 'n aanskoulike wedstryd vir Witrand geklop het met 'n telling van 4—0 het hulle opspraak in ons hokkiekringe verwek. Hulle het nie alleen beter gevaar as die eerstespan wat gelykop gsepeel het teen dieselfde span nie, maar loop ook die eerstespan nou voor in die liga. Die spangees en samespel in hierdie wedstryd was werklik voorbeeldig. Hulle verdien dit om verdoop te word na „Taaies".

Ondersteun 'n Oud-P.U.Kaner

J. P. V.D. WALT,

L.F.V.

KERKSTRAAT 111

(Langs Ackermans)

Foon 929,

POTCHEFSTROOM.

Ek voorsien ALLES wat van 'n Apteek verlang word.

KOM SIEN ONS—

vir u

Fotografiese- en Aptekersbenodigdhede

GEEN & VELLEMAN,

KING EDWARDSTRAAT,

POTCHEFSTROOM.

STUDENTE ONTHOU!

CACHET STASIE TEEKAMER

vir Heerlike

Warm Vleispasteitjies, Lekkers, Sigarette, Vars Vrugte, Yskoue Koeldranke, Koffie, Tee en Allerhande ander Lekkernye.

Oop daagliks van 9 vm. tot 9 nm.

'n Besoekie sal jou oortuig!

# Theos sit Segetog Voort

**Met hulle jongste oorwinning oor Western Reefs is Theos nog 'n stappie nader aan die Neser. Allerweë was gemeen dat Theos sonder Styger, Claasen en Prinsloo ditbroekskeur sou hê teen Western Reefs, die grootste struikelblok in hulle pad om seker te maak van die Neser.**

Dit was egter Western Reefs wat tweede viool moes speel. Vir Theos was dit 'n verdienstelike oorwinning met **Zulu, Koos Dreyer, Org en Putter** pal aan die spits van ons aanvalle.

In die 23ste minuut het **Tribblehorn** daarin geslaag om die eier oor die dwarshout te lig met "n skepskop. Rustyd 3—0.

**Na rustyd het beide spanne sy tye dodelik aangeval, maar danksy die skitterende posisionele spel van heelagter Hennie Muller met goedgemikte lynskoppe is al Western Reefs se planne verydel.**

Kort voor die einde van die wedstryd het Brinkie die opposisie se skrumskakel vasgevat, die bal onder hom uitgeskop en 'n wedloop tussen Zulu, Koos Dreyer en Putter om die heelagter by te kom word omskep in 'n opportuniese drie deur Dreyer. Putter het vervyf. Eindtelling 8—0.

Plaasvervangers **Myburgh, Kasper Venter en Djysie Strydom** verdien alle lof vir hulle onoortrefiike spel.

PARKER EN KIE

(EDMS.) BEPERK

Algemene Handelaars in Ysterware

Foon 30 Bus 245

POTCHEFSTROOM.

Besproeiings-masjinerie en Toerusting voorsien en opgerig.

Werk gewaarborg.

Plaasimplemente en onderdele. Gereedskap vir vakmanne.

Wapens en Ammunisie, Visgereedskap, Kombuisgereedskap, ens. ens.

## PROGRAM.

(INTERVARSITY).

Vrydag 29 Augustus:

**TENNIS** 2.00 n.m. P.U.-bane.
**DEBAT** 7.30 n.m. Hoofgebousaal.
**SKAAK** 7.30 nm.

Saterdag 30 Augustus:

**HOKKIE:** Dames Tweedespan 8.00 vm. P.U.-bane.
Dames Eerstespan 9.15 vm. P.U.-bane.
Mans Eerstespan 10.20 vm. P.U.-bane.
Mans Tweedespan 11.30 vm. P.U.-bane.

**KORFBAL:** Tweedespan 10.15 vm. P.U.-bane.
Eerstespan 11.00 vm. P.U.-bane.

**JUKSKEI:** Alle Spanne 8.00 vm. P.U.-bane.

**VOETBAL:** O.19(b) 8.30 vm. P.U.-veld.
Derdespan 9.40 vm. P.U.-veld.
O.19(a) Olengronde.
Tweedespan Olengronde.
Eerstespan Olengronde.

**Beter Tabak ***

**maak Beter Sigarette**




**Kommando**

**Suid-Afrika se gewildste sigaret**

*Die Vervaardigers van Kommando is die grootste verbruikers van Suid-Afrika se eerstegraadse tabak.*

GI-3070